

Maandag 8 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 17:8-16

Fokusgedeelte: Eksodus 17:14-15 (1983-vertaling)

God gee die oorwinning!

Wanneer die Amalekiete naderkom, weet Moses met die genade van God presies wat om te doen. Hy sê dadelik vir Josua dat hy vir homself manskappe moet kies, want hier kom oorlog! Josua kies die manskappe, maar dit is nie wat die oorlog gaan wen nie. Moses hou die kiere op en dit is 'n teken van God se oorwinning.

Terwyl hierdie kiere opgehou word, was die Israëliete die sterkste; wanneer hierdie kiere opgehou was, sou hulle nie verloor het nie. Dit is hoe God dit wou gehad het. Moses raak dan moeg, en hy kan nie meer die kiere ophou nie. Maar God gebruik ook vir Aäron en vir Hur om vir Moses by te staan. Hy kan nie self die kiere ophou nie.

Hoe baie keer probeer ons self die spreekwoordelike kiere ophou? Hoe baie keer probeer ons in ons eie kragte oorwinnings behaal? Hoe baie keer besef ons dat die oorwinning werklik genade is en Godgegewe? God stuur mense op ons pad om ons te help en die "kiere" op te hou. Ons as gelowiges moet besef dat die oorwinning alleen aan God behoort en nie aan ons nie.

Kyk wat maak Moses, hy bou 'n altaar en noem dit: Die HERE gee my die oorwinning. Dit is daar vir almal om te sien. Hierdie altaar is tot eer van die HERE! Moses besef, oorwinning kom van die HERE af. Laat ons as gelowiges ook besef dat God mense op ons pad stuur om die "kiere" op te hou en dat die oorwinning aan Hom alleen behoort.

Sing: Psalm 110-2:1,2, 5

Ds. PW Smit (Wouter) (Vereeniging)